# Die leser

## ‘n Eenbedryf
## deur
## Anika Botha en Jean-Mari Lombard

## Silwer vir teks by Pronktoneelfees
## Brons vir teks by FAK Toneelfees

**Synopsis:**
Kobie lees baie. Sy lees eintlik te veel, maar tussen die blaaie van haar nuutste boek reis sy na die diep see saam met seerowers, helde en koshuisvriendinne. In hierdie toneel ontdek ons saam met Kobie dat die woord dieper sny as die swaard en dat die swaard dieper sny as die verlede. Die hartroerende verhaal wat die vraag beantwoord: Kan die leser die geskrewe letters verander? En kan karakters ontsnap uit die gevangenis van die skrywer se pen? En kan karakters in ‘n unieke leser se verbeelding strewe om meer te wees?

**Kontakbesonderhede vir kopiereg en opvoerregte:**
**Jean-Mari Lombard (e-posadres: jean-mari.lombard@doxadeo.org)**

Geen gedeelte van hierdie teks mag sonder die skriftelike verlof van die kopiereghouer gereproduseer of opgevoer word nie. Reproduksie sluit in enige vorm weergegee deur enige elektroniese of meganiese middel, hetsy deur fotokopiëring, skyf-, band- of stemopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of –ontsluiting.

**Die leser**

**‘n Eenbedryf deur Anika Botha en Jean-Mari Lombard**

**Silwer vir teks by Pronktoneelfees**

**Brons vir teks by FAK Toneelfees**

**Synopsis:**

Kobie lees baie. Sy lees einlik te veel, maar tussen die blaaie van haar nuutste boek reis sy na die diep see saam met seerowers, helde en koshuisvriendinne. In hierdie toneel ontdek ons saam met Kobie dat die woord dieper sny as die swaard en dat die swaard dieper sny as die verlede. Die hartroerende verhaal wat die vraag beantwoord: Kan die leser die geskrewe letters verander? En kan karakters ontsnap uit die gevangenis van die skrywer se pen? En kan karakters in ‘n unieke leser se verbeelding strewe om meer te wees?

**Ruimte:**

Die toneel speel af in die vyftigerjare toe koshuis nog pret en die matrone nog streng was. Reëls was reëls en dit mag onder geen omstandighede gebreek word nie. Die meisies was kuis en die manne was hoflik. Die enigste ontsnapping van die werklikheid is deur stowwerige boeke en geel badsye.

**Karakters:**

**Kobie**: Sy is mal oor lees. Maar sit ook met groot skuldgevoel oor haar verlede. Sy ontsnap na haar eie wêreld en vir haar word karakters vriende. Sy is nie bang om te sê wat sy dink nie maar sal enige iets doen om haar eie verlede te vermy. Voor die insident was sy die lewe van die kamer, maar nou kruip sy weg.

**Helena**: Een van die meisies in kamer 8, sy vermy konflik ten alle tye en hou nie daarvan as daar onrus in die kamer is nie. Haar taak in die kamer “huis” te maak. Sy gee om vir haar kamermaats en sal enige iets doen om almal gelukkig te hou. Dit is dan ook haar taak om die meisies op te voed oor vriendskap en oor die vingers te tik as dit nodig is.

**Anna**: Sy blyk na die onskuldige bietjie dommerige meisie in die kamer, maar sy het groot drome: sy wil trou en baie kinders hê. Anna is mal oor liefdesverhale en geniet Kobie se stories, soms dalk te veel. Sy kom gereeld in die moeilikheid oor haar verstrooide geaartheid, waar is nie op haar bek geval nie. Anna is ook die nuutste in die kamer en frustreer vir Doreen met haar nalatigheid.

**Doreen**: Kamerprefek en leier van die vriendskappe in die kamer. Sy was Kobie se beste vriendin, maar na die insident frustreer Kobie se passiwiteit haar grensloos. Eie ideale en dryf staan eerste en sy sien nie kans om verder saam met Kobie in depressie te verval nie. Sy het ook onlangs ‘n groot waardeering vir feminisme gekry en strewe daarna om ‘n sukses van haar lewe te maak. Sy verlang na Kobie, maar is

tans hard en kru teenoor haar omdat sy voel Kobie ten minste moet probeer aanbeweeg.

**Annelie**: Doreen se aanhanger, maar ook net vir haar eie gewin. Sy is nie einlik goeie vriendinne met die ander meisies in die kamer nie, maar sy maak haarself tuis (soos by al die ander kamers in die koshuis). Annelie het geen begrip vir Kobie of die res van die kamer se dinamika nie. Sy is glad nie op haar bek geval nie, en praat voordat sy dink. Sy misbruik vir Doreen omdat sy weet dat Doreen en Kobie nie meer beste vriende is nie. Sy is die skinderbek van die koshuis en hou van sensasie en moeilikheid soek.

**Matrone**: Hoof van die koshuis, sy werk al jare as matrone en die meisies bewe as hulle haar sien. Sy het net een doel voor oë en dit is om tienermeisies in hoflike dames en natuurlik troumateriaal op te lei.

**Olivia**: Dominique se liefde. Sy is die mooiste meisie in die fiktiewe dorp in Kobie se boek. Sy is die heldin. Sy weet sy is mooi en dit is haar hoogmoed wat haar in die moeilikheid laat beland.

**Dominique**: Die held van die verhaal wat Kobie lees. ‘n Brawe musketier met net een ding op sy hart, sy liefste Olivia. Hy si die klassieke held: braaf, sterk, aantreklik. Wat kan moontlik verkeerd gaan?

**Alphonso**: Die held se beste vriend. Hy is ook ‘n musketier wat alewig in die moeilikheid beland. Hy dink baie van homself en vry na elke vrou wat hy sien. Sjarmant en uitdagend is die beste woorde om hom te beskryf.

**D’Artaniel**: Hy is die antagonis in die boek en ontvoer vir Olivia omdat hy kan. Hy is gevoelloos, wreed en genadeloos. Sy lewe kom egter tot stilstand as Kobie, die leser, hom glad nie vertolk soos hy gewoond is nie. Sy hele bestaan word geruk deur die nuwe beeld van homself. Is dit moontlik vir ‘n nare seerower om ware liefde te ontdek? Hierdie vraagstuk verander hom totaal en al en die genade en medelye wat hy by Kobie ervaar bring vir hom rus.

## Toneel 1

(Vier koshuis beddens op die verhoog. Absolute stilte, lig verhelder soos die musketiers op kom. Twee swaardevegters op. Heftige swaardgeveg oor die beddens.)

**LQ 1: Preset (Donker blou op die verhoog)**

**SQ 1: Skoolklok ver in die agtergrond**

**SQ 2: Hawe agtergrond klanke**

Dominique: Moenie ‘n lafhart wees nie. Kom veg my!

**LQ 2: Fantasie ligte**

Alphonso: Ha! Wie noem jy ‘n lafhart? Dis jy wat jou rug op my draai en vlug!

Dominique: Vlug? Ek ken nie eers daardie woord nie. Kom! Gee vir my jou beste.

Alphonso: Ek probeer nie eers nie!

Dominique: Jy’s maar flou.

Alphonso: Flou? Kyk, n seemeeu!

(Dominique kyk weg terwyl Alphonso vir sy swaard soek)

Alphonso: Kies watse deel wil jy behou. Jou voete of jou kop?

Dominique: Voor die einde van hierdie dag gebruik ek jou galblaas as ‘n wynsak!

Alphonso: Myne?

Dominique: Ja joune, tot bo gevul met die duurste rum!

Alphonso: Dominique, ‘n seerower? Ek ken jou nie so nie my vriend!

Dominique: Wys jou net.

Alphonso: Kom, ek sien nie genoeg desperaatheid by jou nie.

Dominique: (werk homself op) Gee terug my Olivia!

Alphonso: Jy gaan my eers moet vang met daardie lomp pote van jou!

Dominique: Wie is nou die lafhart? Sê vir my Alphonso is jy ‘n man of ‘n muis?

Alphonso: Noem jy my ‘n muis, jou straatbrak?

Dominique: Eerder ‘n straatbrak as ‘n muis…

(veg met minder moed)

Ag nee, Ek is nie goed hiermee nie, verduidelik my net gou weer hoekom moet ons oefen saam met die vieslike beledigings?

Alphonso: Wat, maak ek jou gevoelens seer, jou slymslak?

Dominique: Ek kan net nie sien hoe dit enigsins gaan help nie.

Alphonso: Jy is net bang vir ‘n bietjie gesonde kompetisie. Dis al.

Dominique: Nee, ek dink ons mors tyd. Wie weet waar Olivia is en wat daardie monster met haar doen?

Alphonso: Toemaar, voor more aand is Olivia veilig in jou arms en dan kan jy doen met haar net wat jy wil doen.

Dominique: O jy, jy Alphonso, soek nou vir moeilikheid!

Alphonso: Ah! Moeilikheid is my middel naam.

Dominique: (stoute glimlag) Ek dog Martanel is jou middelnaam?

Alphonso: Hoe durf jy?

Dominique: Alphonso Martanel De Winter.

Alphonso: Jy het beloof om nooit my middelname oor jou lippe te uiter nie. Jy weet dit maak my vies.

Dominique: Wie is nou kleingevoelig?

Alphonso: Eerder kleingevoelig as ‘n swakeling soos jy!

Dominique: Toe nou, toe nou Alphonso, ek dink dit is nou genoeg.

(Dominique sit sy swaard in sy holster, maar Alphonse druk die swaard teen sy bors.)

Alphonso: Twee vir twee!

Dominique: Net omdat ek jou laat wen!

Alphonso: (sit swaard terug) Dit is wat al die verloorders sê. As ek nou kan eerlik wees, my vriend, jy het nog baie oefening nodig as jy daai poppie van jou uit die kloue van die nare see-monster wil gaan red.

Dominique: Poppie? (mompel vir homself) Die enigste poppie wat ek ken is jou suster.

Alphonso: (maak asof hy geaffronteerd is) Sies, dit was lelik.

Dominique: Eks jammer, ek het dit nie so bedoel nie.

Alphonso: Jy weet dan ek is lief vir my sussie. Hoe kon jy?

Dominique: Ek’s regtig jammer. Ek raak net vies as jy so van my liefste Olivia praat.

Alphonso: (weer op sy hoede) Sien! Jy sê te vinnig jammer.

Dominique: Is alles dan vir jou ‘n grap?

Alphonso: Jy gaan moet leer hoe om ‘n belediging te vat as jy ‘n kans wil staan teen D’Artaniel. Een kyk van daai vieslike seerower en ek sluk my tong in!

Dominique: (lag) Jy? jou tong insluk, onmoontlik. Elke hond kry sy dag en D'Artaniel sal betaal vir wat…

**LQ 3: Snap to realistiese Kamer ligte**

**SQ 3: Agtergrond af**

Matrone: Jakoba Margrita Viljoen! (van agter die verhoog, sy kom in ek soek rond terwyl die manne praat.) Waar is die kind? Jakoba? Daai meisie gee my grys hare. Jacoba? Jacoba!!

Alphonso: Ag man, dis net matrone.

Dominique: Dis nou vir jou 'n viswuif.

(Matrone af, Dominique by Kobie se bed om haar te beskerm.)

Dominique: Ook maar goed sy kan ons nie sien nie. Anders sou sy jou lank al oor haar skoot getrek het.

Alphonso: Dit klink lekker.

Dominique: Ag, sies man! Sy is soveel ouer as jy.

Alphonso: Niks fout met 'n ouer vrou nie. (Matrone af) Waar was ons?

**LQ 4: Fade to Kamer ligte**

**SQ 4: Agtergrond aan**

Dominique: Bladsy 164.

Alphonso: Oh ja, ek was besig om jou te wys waar Dawid die wortels begrawe het. (hoor die meisies praat)

**LQ 4: Snap to Kamer ligte**

**SQ 4: Agtergrond af**

(die meisies, behalwe Annelie, kom by die kamer in, sit skooltasse neer en val op die beddens neer. Alphonso gaan lê op een van die beddens)

Anna: Vandag was so lank!

Helena: Ek weet, ek verstaan nie hoekom ons heel dag moet tik op daai masjien nie. Dit is nie asof ons dit gaan gebruik na skool nie.

Doreen: Tik is die toekoms meisies! Vrouens kan nou stem en dit is hoogtyd dat ons die manne wys dat ons tot meer in staat is as net kinders grootmaak.

Anna: Ja, Doreen, ons almal weet jy wil nie trou nie. Maar ek wil 'n huis vol kinders hê wat speel onder my voete. En 'n man wat na 'n dag by die werk, my omhels en soen asof hy my vir die eerste keer sien.

Helena: Dit klink na 'n droom.

Doreen: Dit is ‘n droom. Die mans van vandag is nie meer helde nie. Die dae van ruiters en prinse is verby. Ons as vroue moet ons juk optel en die verandering bring.

Helena: Nou klink jy soos Juf. Venter.

Anna: Sy is net bitter omdat sy ‘n oujongnooi is en nog nooit eers… (‘n man gehad het nie)

Helena: Anna! Jy weet ons praat nie oor… Daardie dinge nie…

Doreen: Dalk moet jy eers jou eie bed opmaak voordat Matrone hier inkom en strafpunte begin uitdeel.

Anna: Die lewe is te kort vir beddens opmaak, Doreen! Ek verstaan nie waarom dit so belangrik is om elke oggend die bed op te maak as dit in elkgeval net weer deurmekaar gaan raak nie.

(Matrone is intussen op. Doreen staan langs Helena en Anna. Dominique gaan sit wydsbeen oor Kobie se bed)

Matrone: Anna, watse snert raak jy nou kwyt?

Anna: O goeiste, matrone! Ek het matrone nie gesien nie.

Matrone: Weet jy dan nie wat is die goue reël nie?

Anna: Jammer matrone, ek het vergeet matrone.

Matrone: Helena?

Helena: ‘n Dame is slegs ‘n dame as sy haar soos n dame gedra, matrone.

Matrone: Nou goed. Anna, more middag voor ete soek ek 100 lyne in jou beste sierskrif oor waarom dit belangrik is vir ‘n dame om elke dag haar bed op te maak.

Anna: Ja, matrone. Dit sal nie weer gebeur nie, matrone.

Matrone: Doreen?

Doreen: Ja, matrone?

Matrone: (streng) Waar is Jakoba?

Doreen: (maak of sy onseker is) Ek weet nie Matrone.

Helena: (jok saam) Ek dink sy is dalk nog in die eetsaal, matrone.

Matrone: Helena, ons almal weet sy was nie in die eetsaal nie. Kom, spoeg dit uit. Waar is sy?

Anna: (dink vinnig) Dalk piepie sy, matrone.

Doreen: Ons weet regtig nie matrone, maar ons sal vir haar sê matrone soek haar as ons haar sien.

Matrone: Nou goed. En Anna, laat ek nou uitvind jy en Helena steek vir my die waarheid weg, dan is die gort gaar.

Anna en Helena: Ja, matrone. Jammer matrone.

Matrone: Ek weet darm Doreentjie sal nie oneerlik met my wees nie.

Doreen: Ja, matrone. Dankie matrone, ons sal vir matrone laat weet.

(Matrone af)

Anna: Waar gaan ek nou tyd kry om 100 lyne te skryf? Dit is so onregverdig.

Helena: (fluister) Kobie?

Helena: Kobie, is jy hier?

Doreen: Natuurlik is sy hier! Anna, kom help my.

Anna: Ek kan nie! Ek het een-honderd lyne om te skryf!

Helena: Ek sal.

(hulle lig die beddegoed op en trek vir Kobie aan haar voete onder die bed uit. Sy maak die boek toe en die manne is af.)

Kobie: Los my!

Dominique: (Fluister vir Kobie) Sterkte…

Kobie: Dankie.

Anna: Met wie praat jy?

Kobie: Niemand.

(Kobie slaan die boek hard toe en die karakters verdwyn van die verhoog af.)

Helena: Kobie, matrone slag jou af as sy jou hier kry. Sy kla al ewig oor die meisies in die koshuis wat so hande uit ruk. Sy sê sy voel al soos ‘n “spook sonder rusplek” soos wat sy agter ons aanloop.

Anna: (diep stem) Nou goed, 100 lyne vir jou, Helena! Ag hierdie is so onregverdig!

(meisies lag saam vir Anna).

Anna: Waar was jy die hele dag, Kobie?

Doreen: Onder die bed, Anna!

Kobie: Ek het uhm…

Doreen: Juf Gertenbach het vandag die menslike skelet behandel en more skryf ons klastoets, maar jy sal natuurlik nie weet wat aangaan nie.

Kobie: Sal julle my kan verduidelik?

Helena: Ja ek sal. Ek moet in elkgeval weer deur dit gaan.

Doreen: Nee, Helena. Jy sal nie weer vir Kobie verduidelik nie. Dit is tyd dat sy wakker word en maar druip.

Anna: Ag toe Doreen, moenie so kwaai wees met ou Kobie nie. Jy weet mos sy is bietjie anders as die res van ons.

Doreen: Skryf jy net jou lyne, Kobie se andersgeit gaan nog ons **gatte** laat brand.

Helena: Doreen!

(Helena bring die blikkie)

Doreen: Wat? Ek is **gatvol** om vir jou liegstories op te maak.

Helena: Doreen, siesa!

Doreen: Ag man, ek sal nog ‘n 20c in die bottel gooi. (sy haal ‘n geldjie uit haar sakkie en gooi in die bottel) Dis oor Kobie my so vies maak dat die **blerrie** bottel (die ander gee haar ‘n kyk, sy gooi nog ‘n geldjie in) Dat hierdie bottel so **bliksems** vol is! (sy hoor haarself weer en maak maar haar beursie leeg) Daar vat maar al my **donerse** geld, ek het nie tyd vir hierdie **twak** nie. Moet my nie so kyk nie Helena, ek het nou krediet!

(die meisies lag)

Doreen: Lag maar, maar dit is nie snaaks nie! Matrone gaan nog een dag vir Kobie hier vang en dan is dit neusieverby met almal van ons.

(lang pouse - die meisies is baie ongemaklik met die situasie)

Doreen: Wat? Dink julle regtig matrone gaan ons net laat gaan nadat ons al weke lank vir haar jok? Ek dink nie so nie.

Helena: Jammer Doreen.

Anna: Ek is ook jammer dat ek vir jou gelag het.

(stilte)

Kobie: Ek is jammer Doreen, ek kon hierdie een net nie neersit nie.

Doreen: En die vorige een? Jy kon hom ook nie neersit nie! En toe ek myself weer kry toe lieg ek vir matrone en sê ons is almal siek. En Helena… lieg is nie ‘n vloekwoord nie.

Helena: Ons gebruik nie daardie kras taal in ons huishouding nie.

(stilte)

Anna: Was dit die keer toe ons diaree of waterpokkies gehad het?

Doreen: Ons moes vir ‘n week lank waterpokkies op ons gesigte teken. Weet jy hoe baie werk ons gemis het? Ek sukkel nou nog om in te haal.

**SQ 5: Water op die see**

**LQ 5: Slow fade na boekligte**

(Kobie het intussen weer haar boek oopgemaak,Olivia kom op en sit die vis in die oond)

Anna: Ek wonder hoekom noem hulle dit water… pokkies? Dit was einlik ‘n baie lekker week.

Doreen: Lekker?

Anna: Ja, ons het pret gehad so alleen in die koshuis. Ek dink Kobie het vier boeke gelees daardie week. Ek is mal oor haar stories.

Doreen: Dit is presies my punt. Die lesery moet nou end kry. Dit neem haar hele lewe oor! (pouse, kyk vir Kobie) Sy luister nie eers nie! Kobie! Sit neer die boek!

(Kobie maak die boek toe en Olivia gaan af).

**SQ 6: Water op die see**

**LQ 7: Slow fade na boekligte**

Anna: Kalmeer Doreen, ek sal met Koba gaan praat.

Helena: Doreen?... Sal jy vir ons solank die lakens gaan haal, waarvan matrone vanoggend gepraat het?

(sy draai na Koba toe as Doreen uit is)

Kobie jy kan nie elke tweede dag ‘n ander verskoning uitdink om hier in die kamer te bly nie. Matrone sien al deur ons leuns en ons kan nie meer langer jou geheime wegsteek nie.

Anna: Dit werk op Doreen se tietspiere!

Helena: Anna!

Anna: Wat?

Helena: Siesa…

Anna: Ek dog Doreen het vir ons almal betaal! (stilte) Ag goed dan… (sy gaan haal ook maar haar beursie en gooi ‘n geldjie in die bottel)

Kobie: Ag Helena, ek het mooiste boek in die bib gekry. Dit gaan oor…

Helena: Saggies, Doreen sal jou hoor. Sy is al klaar opgewerk oor die lesery.

(hulle kyk rond en gaan spring dan op die bed by Kobie - ligte verdof tot blou op die verhoog. dowwe lig waar die meisies sit. een Special op ander kant van die verhoog. waar die karakters verskyn.)

Anna: Dit gaan seker oor ‘n prins wat sy prinses uit ‘n toring moet red van ‘n nare draak.

Helena: Ag ek is mal oor ‘n romantiese storie.

Kobie: (Kobie maak die boek oop en die manne is weer op)

**SQ 7: Voëltjies**

**LQ 8: Slow fade na boekligte met special PS**

Lena, jy gaan mal wees oor hierdie boek, daar is nie ‘n prins nie maar ‘n brawe musketier en sy nooi, Olivia. Olivia is die mooiste meisie in die dorp, al die manne val oor hulle voete as hulle haar sien, maar sy het net oë vir Dominique. Hulle ken mekaar al van hulle kinderjare af en almal op die dorp het geweet dat die liefde tussen Dominique en Olivia onoorwonne is.

**SQ 7: Voëltjies uit**

**LQ 8: Snap na Kamer ligte**

Anna: Wag, ek wil ook hoor!

Helena: Het jy nie lyne om te skryf nie?

Anna: Dit kan wag. Julle weet ek kan nie ‘n liefdesverhaal weerstaan nie.

Kobie: Wel, dit is nie net ‘n liefdesverhaal nie.

**SQ 8: Voëltjies**

**LQ 9: Fade na Boek ligte met special PS**

D’Artaniel die gerugte seerower vat vir Olivia na sy grootslegskip, die Salacia. Hy is die kaptein en staan vir niks terug nie.

(D’Artaniel met sy hand op Olivia se mond, dan uit die lig en Dominique op in die lig.)

Dominique het net te laat by die hawe aangekom om haar te red. Sy word op die Salacia aangehou, in die middel van die diep see (die ander kyk na mekaar en raak stil) en nou moet sy vir al die bemanning kosmaak, maar ai foeitog sy is nou nie juis ‘n kok nie…(Kobie sien die ander se gesigte- Olivia af)

**SQ 9: Voëltjies af**

**LQ 10: Snap na Kamer ligte**

Wat nou?

Anna: Niks, ons weet net jy is bang vir water.

Helena: Anna bedoel einlik ons is net verbaas dat jy ‘n boek lees wat gaan oor seerowers en die diepsee, en wel… water? Dis al.

Kobie: Ja ek weet… maar ek het klaar die einde gelees. Dominique oorwin vir D’Artaniel, red vir Olivia en die Salacia sink. Dis hoe hierdie boeke altyd eindig, dit is maar net toevallig dat dit water is. Is dit nie?

Helena: As jy seker is en jy is gemaklik daarmee dan kan ons nie stry nie.Ons wil jou net beskerm.

Anna: Kobie, waar trek jy nou, jy moet vinnig vertel voor Doreen terugkom. Het die held, wat's sy naam nou weer?

Kobie: Dominique

Anna: Het hy al vir Olivia gered?

Helena: En vir Davante vermoor?

Kobie: (lag) Dis D'Artaniel! En nee…

**SQ 10: Voëltjies aan**

**LQ 11: Fade na Boekligte met special PS**

Hy het nou sy beste vriend, Alphonso, genader om hom te help om vir die skone Olivia te gaan red.

(Doreen met die beddegoed in die deur. Dominique en Alphonso nog op die verhoog)

Helena: Dominique klink na 'n ware held.

Kobie: Dink jy so? Ek is mal oor D'Artaniel, hy is hy klink aantreklik en selfstandig en…

**SQ 11: Voëltjies af**

**LQ 12: Snap na Kamer ligte**

Doreen: Ek het al vir jou gesê, ons wil nie hoor nie. Die verdomde lesery van jou raak nou te erg. Nou het jy al vir Anna en Helena ook aan die droom. Word wakker meisies! Mans is onnosel. Hulle raak nie verlief nie. Hulle raak net lus!

Anna: Is so.

(pouse) Hoe bedoel sy?

Dominique: Ek is regtig lief vir Olivia!

Kobie: Sy sal nie verstaan nie! (Aan Dominique)

Anna: (seergemaak) Hoe nou, Kobie?

Helena: Kobie, moenie vir Anna onderskat nie. Sy lyk maar net so verstrooid, maar sy verstaan meer oor die lewe as wat jy dink.

Kobie: Ek praat nie met Anna nie, ek… (maak die boek hard toe dat die manne kan afgaan.) Ek kan dit nie help nie, Doreen! As ek eers begin lees kan ek nie ophou nie.

**SQ 12: Voëltjies aan**

**LQ 13: Face na Boekligte met special centre**

Die boek sluk my geheel en al in en as ek myself weer kry verdwyn die wêreld om my.Dit is asof die karakters hier by my is… asof ek aan hulle kan vat.

(pouse)

Anna: Aawwww ons eie boekgogga!

**SQ 12: Voëltjies face af**

**LQ 13: Fade na kamer ligte**

(Kobie maak stadig weer die boek toe, D'Artaniel af.- onwillig)

Doreen: Boekwurm

Anna: Eeewww, waar?

Doreen: Helena, help die kind.

Helena: Daar is nie gogga of n wurm nie, Anna.

Anna: Is jy seker?

Koba: Ek's jammer ek wil julle nie in die moeilikheid kry nie. Doreen, dit sal nie weer gebeur nie, ek belowe.

Doreen: Ons sal maar sien. Ons het baie vrye tyd na skool. Lees dan.

Koba: Reg so, Doreen.

(meisies maak beddens op)

Anna: Doreen…

Doreen: Mmm?

Anna: Sal jy my dalk later kan help met die frokkie wat ons moet maak vir die naaldwerkklas? Ek sukkel met… jy weet… naalde.

Helena: Hoe wil jy 'n huisvrou wees as jy nie naaldwerk kan doen nie?

Anna: Ek gaan hopeloos te besig wees met my seuntjies om naaldwerk te doen.

Doreen: En wie gaan jou seuns se sokkies stop en broekies regmaak, huh?

Anna: Ek het nog nie so daaraan gedink nie.

Doreen: En sê nou jy kry dogtertjies?

Helena: Juf van Dyk sê meisies wat nie kan naai nie kry nie mans nie.

Anna: Ek skrik vir die naaimasjien!

Doreen: Hoekom? Dit is dan maklik, Anna. Jy trap net die voetjie dan stik hy.

Anna: Maar die naald! Hy gaan so… vinnig!

Doreen: Trap hom dan sagter!

Anna: Dit is waarom jy my moet help! Ek raak so op my senuwees as ek daai naald so vinnig sien op en af gaan, en as ek weer sien het ek my mou aan die pant vasgestik.

(meisies lag lekker)

Heleen: Juf van Dyk het so pers geraak daai dag toe Annatjie by die masjien sit en gil.

Doreen: Sy het gedink jy het jou vingers raakgestik!

Kobie: Wanneer was dit nou?

Anna: Verlede week man! Kan jy nie onthou nie? Ek moes daai pant 5 keer vaswerk en losmaak as straf.

Helena: Ek dink dit was …3 keer?

Kobie: Oh, ek was seker nie daar nie.

(ongemaklike stilte)

Doreen: Seker nie.

(stilte)

Helena: Kobatjie, ons wil gaan swem.

(stilte)

Anna: Ons het gewonder of jy dalk wil saamkom?

Koba: Julle weet ek swem nie.

Doreen: Ek het julle gesê. Kom.

Helena: Kom voor dit donker raak.

Anna: Ons is nou-nou terug.

(Almal stap af. Koba tel weer die boek op en gaan lê op die nuut opgemaakte bed.)

**SQ 13: Straat agtergrond geluide**

**LQ 14: Slow fade na Boekligte**

Dominique: Alphonso, ek het ‘n plan.

Alphonso: Plan vir?

Helena: Kom jy Doreen?

Doreen: Ek is nou daar. Ek maak net hier klaar.

Dominique: Om Olivia te red!

Alphonso: O, ek het ‘n plan gehad vir dit, ja! Ek het gedink ons swem na die Salacia toe, klim teen die anker uit, ek steek daai vieslike D’Artaniel met hierdie swaard deur die hart… (word onderbreek.)

**SQ 14: Straat agtergrond geluide af**

**LQ 15: Snap na kamer ligte**

Doreen: (Draai in die deur om) Jy gaan oor dit moet kom Kobie. Jy kan nie vir ewig bang wees vir die (kyk na die boek) regte lewe nie.

(Kobie sug, haal haar boekmerk uit en begin weer lees.)

**SQ 15: Straat agtergrond geluide**

**LQ 16: Fade na Boekligte**

Alphonso: (gaan aan waar hulle gestop het) … terwyl jy jou skone Olivia vanuit die derms van die vis red.

Dominique: Jy weet daardie plan gaan nooit werk nie.

Alphonso: Nou toe? Het jy ‘n beter idee?

Dominique: Man, my vriend, nie einlik nie. Maar ons kan aan iets beter dink as dit. Ons moet net versigtig wees.

**SQ 16: Water geluide**

(Koba blaai om. ‘n Meisie met woeste hare en ‘n lang rok hardloop op. Sy het ‘n skinkbord in haar hande, maar lyk nie baie vas op haar voete nie.)

Olivia: Nee! Die verdomde vis! Hoekom verbrand ek altyd die vis? (huil)

Kobie: Olivia gaan sit plat op klamerige vloer en begin in haar hande huil. Sy weet wat die gevolge is as ‘n hele skip vol mans honger is. (Olivia spring vinnig weer op en soek in die denkbeeldig kaste) Anders as die speserye en bottels ingelegde tamaties is al die kabinette leeg want die visnette word eers more oggend uitgetrek.

Olivia: As D’Artaniel hiervan moet hoor voor ek ‘n plan kan maak sal hy woedend wees!

(sy gaan sit weer moedeloos)

Kobie: Sy vee ‘n los krul uit haar gesig.

Saam: “Alles is klam. Alles is sout.”

Kobie: …dink sy toe sy haar trane aan haar klam rok afvee. Sy vou haar bene in mekaar en sug hard.

Olivia: Hy gaan my vermoor! …Dalk moet hy net.

Kobie: Die idee van die dood word vir die eerste keer ‘n vertroostende gedagte. Dood. ‘Dalk sal hy my… (Kobie se woorde hak in haar keel

vas. Sy kan nie meer lees nie. Sy probeer weer.) Dalk sal hy… (sy hak weer vas en Olivia maak haar sin klaar. Kobie lyk angbevange, maar Olivia lyk vreedsaam.)

Olivia: my oorboord gooi. Dalk sal die water my omring en ek gewigloos na my sterfbed toe sweef. Dalk sal ek die water hoor suis in my ore… (sy vries as Kobie die boek toeklap)

(Kobie gooi die boek op die bed neer en gaan om iets anders te doen. Na ‘n rukkie tel sy weer met moeite die boek op. Sy lees verder.)

Kobie: Asof die gedagte hom van die dek af ontbied het, weergalm sy voetstappe teen die houttrappe af. Sy skud die denkbeeldige stof van haar rok af. Haar hande gly oor haar rooi oë om die trane weg te vee. Sy haal diep asem, probeer ‘n glimlag op haar gesig sit. Dan ruik sy weer die rook en maak ‘n nuttelose poging om die rook in die skip se kombuis weg te waai. Haar lyf bewe soos sy ‘n vaddoek optel en die bak swartgebrande vis toegooi.

D’Artaniel: (sagte, meegevoel) Ek ruik iets brand, Olivia. Jou kop is weer op ‘n ander plek vandag. Jy moet versigtig wees. My manne gaan nie gelukkig wees as hulle hoor jy het weer aandete laat vlamvat nie. (Hy glimlag sag en neem haar ken in sy hand)

Kobie: Olivia kyk op en staar met groot oë na die man wat voor haar staan. Sy baadjie se knope blink soos sy oë. Sy wonder hoe hy die merk op sy gesig gekry het, seker een of ander geveg op die diepsee. Hoeveel gevegte het hierdie man al gewen? Hoeveel het hy verloor… nie een nie. (sy ruk haar gesig weg) Die outoriteit hang soos dik mos aan sy skouers. Sterk, swaar skouers. Haar gedagtes dwaal vlugtig na Dominique, haar liefling, wat sou D’Artaniel met hom doen as hy sou… maar sy kan nie daaraan dink nie. Sy moet net bly hoop dat Dominique slim genoeg sou wees om weg te bly van hierdie monster af.

Olivia: Ek is jammer meneer, ek…

D’Artaniel: Noem my D’Artaniel.

Olivia: Jammer meneer, uhm D’Artaniel, ek weet dis die laaste van die kos in die kaste en ek moes beter daarna gekyk het, maar meneer, Felton het gevra dat ek vir hom en 4 ander mans rum uit die kelder gaan haal en toe ek terugkom was die hele plek toegerook. Ek sal ander plan maak ek belowe meneer ek kort net bietjie meer tyd ek is seker ek…

D’Artaniel: Daar is nog ‘n krat vol meel in die onderste stoorkamer. Ek is seker die mans sal nie kla as hul rum-poeding kry vir aandete nie, veral nie nou dat ons iets het om te vier nie.

Kobie: Hy gee haar ‘n bejammerde kyk voor hy omdraai en met swaar voetstappe die trappe na die dek uitklim. (D’Artaniel af)

Olivia: (ewe skielik weer vreeslik bang sy vee haar gesig wild af asof sy vinderafdrukke nog aan haar klou) Hy is ‘n aaklige mens! Ek gaan eerder dood as wat ek…

**SQ 17: Water uit**

**LQ 17: Snap na kamer ligte**

(Olivia af soos wat Anna, Doreen, Helena en ‘n nuwe meisie Annelie opkom)

Helena: Sjoe, die water was nou verfrissend.

Anna: Ja, so lekker koud!

Annelie: En nou Koba? Swem jy nie?

Kobie: Nee dankie.

Annalie: Nou hoekom nie?

Kobie: Ek kry nie warm nie.

Anna: Ag Kobie, sal jy hierdie koek uit my hare uit kam?

(Kobie kry die borsel by Anna en begin haar hare kam. Die ander staan in die kamer rond en kry droë klere uit die kas uit. Annelie gaan sit op Koba se bed en Koba staan op, los haar boek op die bed.)

Annelie: Wat lees jy Kobie?

Kobie: Uhm die Val van Die Salacia.

Doreen: Moet jy nie ook begin nie.

Kobie: (Annelie vat die boek) Nee los! Ek gaan my plek verloor.

Annelie: Ag man, ek kyk net.

Anna: Eina! Sagter!

Kobie: Jammer…

Annelie: Watse tipe goed lees jy? Hierdie klink na ‘n riller. My ouers kry ‘n oorval as ek sulke goed by die huis aanbring.

Anna: My ouers hou glad nie daarvan as ek lees nie. Hulle sê dit maak my nog meer deurmekaar.

Helena: Dit verduidelik baie.

Doreen: Annelie, sit neer die boek en gaan haal jou huiswerk waarmee ek jou moet help.

Annelie: Nee, gits Doreen. Hierdie stukkie leesstof is nou vir jou wild. Het jy al gesien wat lees ou Kobietjie?

Doreen: Ek probeer my neus uit ander se sake uithou. As hulle my toelaat.

Annelie: Is hierdie dan ‘n hygroman of wat Kobie?

Kobie: Dit is fiksie.

Annelie: Wel, ek het nie geweet Kobie is so avontuurlustig nie.

Anna: Kobie? Avontuur!

Helena: Nee man, Kobie is so voorspelbaar soos koshuiskos.

Annelie: Dis wat julle dink…

Kobie: Dit is glad nie so erg nie.

Annelie: Nie? Hoor hier meisies.

(Annelie haal nie vir een oomblik haar oë van die boek af nie)

**SQ 18: Water**

**LQ 18: Fade na Boekligte met rooi**

D’Artaniel: (hard en ongenadig) Ek ruik iets brand! Olivia! Jou kop is weer op ‘n ander plek vandag. Jy moet versigtig wees. (dreigend - hy gryp haar gesig.) My manne gaan nie gelukkig wees as hulle hoor jy het weer aandete laat vlamvat nie.

Annelie: (erg oordrewe) Olivia kyk op en staar met groot oë na die man wat voor haar staan. Sy baadjie se knope blink soos sy oë. (wreed- hy los haar gesig)

(Kobie rol haar oë)

Kobie: Hy klink nie so nie.

Annelie: (lees verder nou wreder) Sy wonder hoe hy die merk op sy gesig gekry het, seker een of ander geveg op ‘n diepsee. Hoeveel gevegte het hierdie man al gewen? Hoeveel het hy verloor… nie een nie.

Kobie: Ag jy oordryf nou. Hy is nie so nie.

Annelie: Die outoriteit hang soos dik mos aan sy skouers. Sterk, swaar skouers. (bang, vinnig smekend) Haar gedagtes dwaal vlugtig na Dominique, haar liefling, wat sou D’Artaniel met hom doen as hy sou dot dot dot.

**SQ 18: Water af**

**LQ 18: Snap na Kamerligte**

Anna: As hy sou wat!!

Kobie: Gee my boek, jy mors die storie op!

Helena: Ek is saam met Anna. Wat sal hy met Dominique doen?

Annelie: Vra vir Kobie. Sy lees mos hierdie “fiksie”

Helena: Sy het ons nie vertel dat hy so wreed is nie!

Kobie: Maar hy is nie so nie!!

Annelie: Wys jou net.

Kobie: Annelie! Hou nou op! Jy maak hom erger as wat hy is!

Annelie: Ek lees net die woorde op papier Kobie, niks meer nie.

Anna: Ek wil hoor, as hy sou wat!

**SQ 19: Water**

**LQ 19: Fade na Boekligte met rooi**

Annelie: (maak keel skoon en dan oordrewe) maar sy kan nie daaraan dink nie. Sy moet net bly hoop dat Dominique slim genoeg sou wees om weg te bly van hierdie (die meisies hang nou aan haar lippe) monster af.

Kobie: Hy is nie so nie!

Olivia en Annelie: Ek is jammer meneer, ek… (D'Artaniel lig sy hand om haar te slaan. Olivia sal op haar knieë neer)

D'Artaniel: Noem my D'Artaniel! (skree)

Kobie: Gee terug!

annelie: Jammer meneer, uhm D'Artaniel, ek weet dis die laaste van die kos in die kaste en (vinnig) ek moes beter daarna gekyk het. (Baie versigtig) maar meneer,

(Hier staan Kobie op om die boek te gryp maar Annelie ruk hom weg en lees verder)

Felton het gevra dat…

Olivia: …ek vir hom en 4 ander mans rum uit die kelder gaan haal en toe ek terugkom was die hele plek toegerook. Ek sal ander plan maak ek belowe meneer ek kort net bietjie meer tyd ek is seker ek… (smeek)

Kobie: Dit is nou nie meer snaaks nie!

(D'Artaniel pluk sy swaard uit, Olivia skrik en hy hou dit teen Olivia se keel - lang stilte)

D'Artaniel: (Yskoud) Daar is nog 'n krat vol meel in die onderste stoorkamer. Ek is seker die mans sal nie omgee as hul rum-poeding kry vir aandete nie…

Annelie: …veral nie nou dat ons iets het om te vier nie.

**SQ 20: Water af**

**LQ 20: Fade na Kamerligte**

Annelie: Genoeg gehoor?

Doreen: Ja dankie.

Kobie: D’Artaniel is nie hierdie wrede mens soos wat jy hom maak nie.(Sy loop na hom toe en gaan staan langs hom haar kyk nie vir hom nie) Hy is sterk, en selfstandig en… (D’Artaniel kyk vir haar en sy gesig verander na deernis) En ek dink hy is braaf. (Hy reik uit na haar hand)

Annelie: Braaf?! (Hy trek weg en loop stadig terug) Hierdie ou is ‘n psigopaat! Wag, waars daai deel wat ek nou net raakgelees het?

Doreen: Los dit Annelie.

Annelie: Nee, hoor hier.

(Ligte doof heeltemal uit. Stilte. Die maanspotlight gaan agter hom aan en hy switch terug.)

**SQ 21: Calico’s agtergrond**

**LQ 21: Fade na Boekligte met rooi**

Annelie: Dis volmaan. Op die horison weerkaats die silhouet van Die Salacia op die water. Die dorp is stil, behalwe vir ‘n seemeeu erens. Elke siel van hierdie verlate plek is vanaand in Calico’s. Nog ‘n veldslag oorwin. Die gevoel is eksoties, verslawend. Hoe verlang hy nou na die sagte vel van ‘n vrou in sy arms. Net voor sy staalgeringde steuwels die drumpel van Calico’s wil aanraak, vang haar oog syne. Maar iets in haar oë val hom op. Vrees? Nee eers afsku en toe minagting. Niemand kyk so na D’Artaniel nie.

(altwee) Niemand nie.

Annelie: Skielik vorm n glimlag op sy mondhoeke. En soos die aandwind fluister hy…

D’Artaniel: Sien jou vanaand, *mi amore*.

**SQ 22: Calico’s agtergrond af**

**LQ 22: Fade na Kamerligte**

(Al die meisies is stil. geskok. verafsku.)

Anna: Is dit net ek of het dit nou baie vinnig warm geraak hier binne?

Kobie: Is jy nou tevrede? (sy gryp die boek terug)

(almal kyk haar net aan)

Julle kan mos hoor dis nie so erg nie.

Helena: Kobie? Hoor jy jouself. Netnou toe jy vertel het van die boek, toe klink dit soos ‘n sprokie, maar hierdie ou gaan hierdie meisie regtig ontvoer en … wie weet wat met haar doen en jy dink dis nie so erg nie?!

Kobie: Ek sien dit net nie so nie.

Annelie: Nou vertel ons, hoe sien jy dit?

Kobie: Ek weet nie. Almal doen simpel goed, dit beteken nie jy kan hulle net, ek weet nie, weggooi nie. Almal verdien ‘n kans om dit wat hulle gedoen het reg te maak.

Doreen: Nie alles kan reggemaak word nie Kobie.

Kobie: Ek weet, maar ek moet bly hoop…en en en, ek bedoel, aan die einde gaan hy in elkgeval dood, so ek verstaan nie hoekom julle so tekere gaan nie.

Anna: Klink vir my Kobie is verlief.

Kobie: Nee ek is nie. Dis net ek weier om hom so vieslik te sien soos Annelie. Ja, hy het sy foute, maar is dit nodig om hom so wreed te maak?

Annelie: Die punt is: Hierdie is nie die tipe boek wat ‘n jong meisies in skooltyd in hulle kamers alleen behoort te lees nie.

Kobie: Ek dog julle sê julle het vir niemand gesê nie!

Doreen: Almal weet dit Kobie! Ons hoef niks te sê nie. Almal weet jy dink flou verskonings uit om tydens skool te lees. Almal weet jy sluit jouself in die kamer toe met ‘n boek. Hulle voel net te jammer vir jou oor jou broer se dood dan los hulle jou uit!

(Almal snak na hulle asems - Stilte)

Kobie: (sag) Gee my boek. Verskoon my…

Doreen: (nog kwaad) Nee moenie nou weg hardloop nie. Ek gaan my tande gaan borsel. Kom Annelie.

(lang stilte)

Anna: Kobie, ek is seker sy het dit nie so bedoel nie.

Helena: Ja, moet jouself nie aan haar steur nie, sy’s maar net gespanne oor die toetse en so.

Anna: Dalk is dit tyd vir haar maandstonde? Jy weet hoe raak sy.

Kobie: Dit maak nie saak nie. Ek gaan my gesig gaan was.

(Kobie kry haar nagklere uit, soek haar handdoek, en loop uit die kamer uit. Sy loop teen Annelie vas.)

Annelie: Doreen het haar tandepasta vergeet.

Anna: In die tas

Helena: Doreen sin.

Annelie: O jammer, ek het vergeet Kobie slaap hier. So, sê vir my is Kobatjie altyd so sensitief?

(niemand antwoord nie)

Annelie: Toe nou… Ek vra net.

Helena: Sy het dit nie maklik nie.

Anna: Ek sou ook so bietjie opstandig geraak het het as ek iemand vermoor het.

Helena: Anna!!

Anna: Wat? Dis wat sy sê!

Annelie: Ooo, Kobie ‘n moordenaar nogal…

Helena: Sy het nie haar broer verdrink nie. Dit was ‘n ongeluk. Maar ons gaan nie daaroor praat nie, nê Anna? Dit is nie ons storie om te vertel nie.

Annelie: Toemaar, ek sal vir Doreen vra vir die detail. Dankie Antjie.

(Annelie uit met Doreen se handdoek)

Helena: Moet jy altyd jou mond verby praat. Jy weet mos nou Kobie is sensitief oor dit! En as Annelie weet dan weet almal!

Anna: Ek weet, maar dink jy nie dit is tyd dat sy moet vrede maak met haar broer dood is nie?

Helena: Sou jy kon vrede maak met so iets? As jy geweet het jy kon iets doen?

Anna: Dis net sy’s so bang vir die lewe. Sy’s bang vir als! Ek mis die Kobie wat saam met ons gelag en geswem het. Nou wil sy net wegkruip.

(Kobie in die deur)

Anna: Jammer, ek het nie bedoel om te…

Kobie: Dis nie net jy wat dit teen my hou nie.

Helena: Ons wil maar net hê jy moet weer gelukkig wees, Koba.

Anna: Jy weet ons is nog steeds lief vir jou. Ons weet dit was nie jou skuld nie.

Kobie: Dit was my skuld. As ek net iets gedoen het… maar ek het nie. Ek is die een wat verdien om soos ‘n monster hanteer te word.

Helena: Dit is nie so nie.

(Doreen en Annelie kom die kamer binne, maar sê niks)

Kobie: Weet julle dat my ma nog steeds nie na my kan kyk sonder daai uitdrukking op haar gesig nie.

Anna: Hoe bedoel jy?

Kobie: Ek weet nie. Elke keer as sy na my kyk dan voel dit asof sy my nooit weer sal kan liefhê nie. Ek blameer haar nie einlik nie. Ek weet nie of ek myself ooit sal kan vergewe nie, nog minder lief hê.

Helena: Ai Kobie.

Anna: Ja eks jammer…

Kobie: Ja wel, nie almal kan die held wees nie.

Annelie: Kobie, kom oor dit! Jy is so melodramties.

Kobie: Jy sal nie verstaan nie. Party van ons is gemaak om die slegte een in die storie te wees.

Annelie: Ag asseblief! Ek bedoel kyk na Matrone… Sy maak ons lewe elke dag hel en tog word sy nog elke oggend wakker met nog planne om… (sien vir Matrone in die deur) net nog beter vir ons te sorg.

Matrone: Haai, dis gaaf van jou Annelie.

Annelie: Dis net omdat dit die waarheid is matrone.

Matrone: Dankie. Kom meisies dis ligte uit. Kobie, waar was jy vandag?

Kobie: Nerens nie Matrone ek…

Anna: Sy't gekots matrone.

Matrone: Anna!

Anna: Jammer matrone, ek bedoel sy het gebraak.

Matrone: So dit is waarom jy nie in die eetsaal was nie. Ek het jou kom soek, maar jy was nie hier nie.

Helena: Ja, Matrone. Kobie was in die badkamer.

Matrone: Nou goed. Ek hoop jy voel beter more oggend Kobie.

Kobie: Dankie Matrone, ek is seker ek sal more oggend weer op die been wees.

Doreen: Nag matrone.

Matrone: Nag meisies. Kom Annelie, hierdie is mos nie jou kamer nie.

Annelie: Ja matrone, jammer matrone. Ek moet net gou nog iets vir Doreen sê oor more se netbal proewe..

Matrone: Nou goed. 5 minute. Nag meisies.

almal gelyk: Dankie matrone, nag matrone.

(Kobie maak haar boek weer oop en Dominique en Alphonso sluip van agter die verhoog)

Annelie: Kyk, ek het geweet Kobie verdraai die waarheid, maar Doreen, ek het nie geweet julle almal is deel van hierdie geheimpie nie.

Doreen: Ek dink dit is beter as jy nou gaan Annelie. Ek sien jou more by die proewe.

Annelie: Bring vir my van jou wit kouse saam en Soet drome Kobie. Moenie dat die seerowers nes maak in jou kop nie, hoor.

Doreen: Los haar nou, Annelie. Ons gaan slaap.

Annelie: Lekker slaap, sien julle more.

Almal: Nag, Annelie.

(almal maak reg om te slaap)

**LQ 22: Fade na kamerligte (donkerder)**

Doreen: (aan Kobie) Gaan jy nog lees Kobie?

Kobie: Ja. (stilte as Annelie weg is) Dankie Doreen, my boek is amper klaar, dit is die laaste een, belowe.

Doreen: Sit net af as jy klaar is, more is nog ‘n dag.

(die lig in die vertrek gaan af, die verhoog is stil en donker. Dan hoor mens die reën liggies val. Kobie maak reg om te slaap. Na so rukkie steek Kobie ‘n kers op voor haar bed en begin weer lees.)

**SQ 22: Thunder**

**LQ 23: Fade na Boekligte met blou**

Dominique: Sjuut! hoor jy dit?

Alphonso: Hoor ek wat? Ek hoor net die land roep my terug na droe grond.

Dominique: Hou jou bek man, daars iemand op die dek. Ek gaan op.

Alphonso: Wees versigtig.

Dominique: Daar is iemand aan die ander kant besig om ‘n skuit los te maak.

Olivia: Wie’s daar?

Dominique: Olivia? is dit jy?

Olivia: My liefling!

Dominique: Is jy oraait? Het hulle jou seergemaak? As hulle jou seergemaak het sal ek daardie vuil hande van hulle…

Olivia: Shuut! Wat maak jy hier? Jy moes nooit gekom het nie. D’Artaniel is…

Dominique: Ek is nie bang vir daardie skurk nie. Kom klim hier in die skuit. Alphonso is daaronder. Alphonso! Help hier.

Alphonso: Olivia?

Dominique: Hou op gin en gaap! help haar!

Olivia: Ek het ‘n eksta bottel rum uit die kelner gaan neersit op die tafel, die manne het hulself so vergryp, maar ek kan nie dink dit sal hulle nog lank besig hou nie.

Alphonso: Kom! Maak vinnig, hulle gaan nou agterkom sy is weg.

Dominique: Gee my net nog ‘n paar minute. Hou vir Olivia veilig asseblief. Dit is nou tyd dat die Salacia met al sy vieslike seerowers sink.

(Alphonso af)

D’Artaniel: Nie so vinnig nie, het jy regtig gedink ek sou nie weet daar is ‘n rot op die dek nie.

Dominique: Jy het nerens om te gaan nie, D’Artaniel, die skuite dryf weg en die skip is aan die brand. Maar ek moet nou loop, voor ek my eie reddingsbootjie verpas.

D’Artaniel Jy sal tog nie gaan sonder kosbare Olivia nie?

Dominique: Nee ek sal nie. Haar soene was so sag soos ek onthou toe ek haar gesien het.

D’Artaniel (besef sy is nie meer by hom nie) Waar is my Olivia?

Dominique: Sy is nog altyd my Olivia jou vieslike skurk!

D’Artaniel: Jy is ‘n groter lafhart as wat ek gedink het, om so in die middel van die nag haar te kom steel.

Dominique: Dit is presies wat jy met my gedoen het.

D’Artaniel: Ek het net meer van jou verwag Dominique. Ek het gedink jy is die held, die brawe musketier wat vir niks terugstaan nie.

Dominique: Ek is meer van ‘n man as wat jy ooit sal wees.

D’Artaniel: Nou kom laat ons sien.

**SQ 22: Thunder harder**

**LQ 23: Fade na Boekligte met blou thunder**

(Olivia en Alphonso op Doreen se bed. Groot geveg tussen Dominique en D’Artaniel.)

(dit reen gelydelik harder. daar speel musiek al hoe harder. Dit raak oorverdowend hard. Die geveg eindig waar D’Artaniel op sy kniee staan voor Dominique, wat sy swaard teen sy nek hou. Hy is woedend, moeg en die reen loop van hom af. )

**SQ 23: Thunder sag**

Dominique: Sien jy nou. Die held wen altyd.

(Een harde donderslag - die kamerlig gaan aan)

**SQ 22: Thunder af**

**LQ 24: Snap na Kamerligte**

Matrone: Ek wat gaan hier aan? Kobie!

Kobie: matrone? my boek is amper klaar, daar is nog net 2 bladsye oor.

Matrone: Jy ken die reels, ligte uit is ligte uit! gee die boek.

Kobie: Maar matrone

Matrone: More eerste ding is jy in my kantoor. hoor jy my?

(die ander meisies word wakker)

Matrone: Toemaar, niks om te sien nie meisies. slaap nou.

Kobie: Ja matrone.

(die lig gaan af)

**LQ 25: Snap na Kamerligte maar donker**

Helena: Kobie? is jy okey?

(stilte)

Helena: Kobie?

Doreen: julle het vir matrone gehoor. slaap nou, voor ons almal verder in die moeilikheid kom.

Anna: moes jy nou regtig vir kobie so vir die wolwe gooi?

Doreen: dis sy wat net aan haarself dink

Helena: shuut!

Doreen: Blerrie selfsugtig, ek het geweet hierdie gaan gebeur.

Anna: taal doreen!

Helena: Shut up Anna!

(stilte)

Helena: Nag Kobie.

(ligte uit)

Dominique: Nou wat nou? Gaan Kobie ons storie klaar lees?

D’Artaniel: Maak dit saak? Sy weet hoe dit eindig. Het hierdie leser julle ook anders laat voel?

Alphonso: Jy grap seker. wil jy nou die held wees?

D’Artaniel ek sal nooit ‘n held kan wees nie. ek is net wie ek geskryf is om te wees. Maar vir haar was ek anders.

Dominique: Hoe bedoel jy?

Alphonso: Jy is die vieslike D Artaniel, die seerower met die merk op jou gesig.

D’Artaniel: Het jy dan nie gesien hoe hierdie leser my maak nie? Ek was anders in haar oe.

Dominique: Jy is geskryf om oorwin te word.

Alphonso: Jy is net lewendig in haar kop. weet jy dit?

D’Artaniel: Ek dink dis meer as dit. Dink net daaraan. in elke ander leser se verbeelding kon hulle nie wag om my uit die prentjie te kry nie, maar sy…

Olivia: Sy wou jou nie verloor nie.

Dominique: Dalk is jy iemand anders vir haar.

D’Artaniel: Seker.

Alphonso: My blikemmer ouens. Hy is lief vir haar.

D’Artaniel: Wat?

Alphonso: Kyk hoe kyk hy na haar. Hy dink regtig, hy kan lief wees vir haar.

D’Artaniel: Kan ek dan nie?

(stilte)

Olivia: Wat doen ons gewoonlik as die boek klaar gelees is?

Alphonso: Ons wag.

Olivia: Ons wag vir die volgende leser.

Dominique: Ek weet nie of ons ooit weer gelees gaan word nie. het jy gesien die boek val al uitmekaar uit. matrone gaan ons seker iewers tussen koshuisrekeninge laat stof opgaar tot die motte ons opvreet.

Olivia: Nou, gaan praat met haar. jy is duidelik dankbaar of verlief of watookal. voordat sy vergeet.

Alphonso: Kom ons gaan.ons het nie iets anders om te doen nie, kom ons gaan drink ‘n laaste dop op die Stryd van die Salacia.

(die manne beweeg af)

Olivia: Jy gaan dalk nooit die kans hê om uit te vind hoe sy oor jou voel nie.

(D'Artaniel oorweeg 'n rukkie en gaan sit dan langs kobie wat nog al die tyd wakker in haar bed le.)

D'Artaniel: Ek weet nie of jy my nog kan hoor nie…maar ek wou net kom groet.

(kobie reik uit en vat aan sy gesig.)

Kobie: Jy bestaan nie eers nie en hier sit ek en kyk na jou asof ek jou al vir jare ken.

D'Artaniel: Vir jou is ek werklik, al is dit net tot jy die boek neersit.

Kobie: maar hoekom is jy dan nog hier?

D'Artaniel: Dit is die vraag wat ek vir jou wil vra.

Kobie: Hoe bedoel jy?

D'Artaniel: vir almal anders is ek net die monster, maar jy leser, jy is anders.

Kobie: as jy weet wat ek gedoen het verdien ek niks minder as jy nie.

D'Artaniel: is ek dan jy? Jy weet dit was nie jou skuld nie, jy was nooit verantwoordelik vir hom nie

Kobie: maar ek moes hom oppas, ek moes keer dat hy nie rivier toe gaan nie. ek is die monster wat my broer laat verdrink het. Dis my skuld.

D'Artaniel: Ek is die antagonis. die nare seerower wat meisies ontvoer, maar vir n oomblik in jou hande was ek iemand anders. Ek was meer as die woorde op papier. Ek wens jy kon jouself sien soos wat ek en almal om jou jou sien.

Kobie: hoe bedoel jy?

D'Artaniel: Kobie, vir jou het ek 'n siel, 'n mens buite die omslag die van boek. Jy gaan my nog eendag vergeet, maar ek…

(pouse)

Kobie: jy is nie 'n monster nie.

D'Artaniel: Jy ook nie. Ek sal jou nooit vergeet nie. Dalk moet jy bietjie van die hoop wat jy vir my het, vir jouself vat.

(soen op die voorkop, hy loop af)

(Stilte, Doreen sit die bedlampie aan)

Doreen: Kobie, met wie praat jy?

Kobie: Ag sommer myself. Doreen? As matrone ons vergewe het, kan ek more by julle kom sit as julle swem?

**LQ 26: Blackout**